

Beste Skribas /Gemeentebestuurders

- Die **lidmate-registerafskrifte** word jaarliks ingehandig in die eerste kwartaal.

Elke jaar se **nuwe** lidmate en dopelinge (nuut aangekom van 'n ander kerk of persone wat in die betrokke jaar belydenis afgelê of gedoop is) van **1 Jan tot 31 Des** as 'n aparte uitdruk: maw elke jaar s'n **apart vir Dooplidmate** en elke jaar s'n **apart vir Belydende Lidmate**.

- **Afskrifte moet aan die volgende vereistes voldoen:**

- 1 'n Spesifieke jaar kan direk van die **Winkerk**-program afgetrek en ge-epos word. Dis onnodig om dit oor te trek na Excel.
- 2 Registerafskrifte mag ook in **Excel** wees as u nie **Winkerk** gebruik nie. Excel afskrifte moet presies dieselfde kolomme in dieselfde volgorde hê as in die oorspronklikeregisters (indien handregisters nog gehou word) of soos in **Winkerk** (dit hoef nie noodwendig dieselfde wydte te wees nie).
- 3 Die **linker- en regterbladsy** word benodig maw. die volledige inligting.
- 4 Op die **voorblad** verskyn ook die naam van die gemeente en die tydperk waaroor die afskrifte strek en verder bo-aan **elke** bladsy aangedui.
- 5 Oorgetikte afskrifte uit 'n handregister of oorgetrek van 'n ander program, benodig 'n **sertifiseringsblad** (handtekening) deur 'n Kerkraadslid dat afskrifte 'n korrekte weergawe van die oorspronklike register is.
- 6 Indien afskrifte uitgedruk en dan geskandeer word, moet dit duidelike uitdrukke met hoë letterkwaliteit wees.
- 7 Gereelde register **rugsteun** is uiters belangrik, veral as u nie **Backup Buddy** het nie. 'n Volledige Lidmaatregister behoort elke jaar uitgedruk te word, as 'n bykomende backup / rugsteun.
- 8 Gemeentes wat **Winkerk** gebruik, behoort **Backup Buddy** ook aan te skaf. Lidmate kan dan met **Winkerk-online** opgespoor word.

- **Waarom jaarlikse registerafskrifte belangrik is vir die Argief:**

- 1 Omdat die oorspronklike handgeskrewe registers baie kosbaar en dikwels ook baie broos is, stel ons dit nie aan navorsers beskikbaar nie. Navorsers gebruik dan die **registerafskrifte** vir genealogiese navorsing.
- 2 Indien 'n gemeente sy elektroniese register op een of ander manier verloor, kan ons minstens die vorige jare se registerafskrifte voorsien om die data te herwin.

Epos na argief@ngkzn.org.za of Pos na **Sinode-argief, Posbus 28188, Haymarket, 3204**